## Hoofstuk 83 - ROEPSTEM UIT DIE DIEPTES (27.06.1841) HIM1.386

01] O My God en Meester, My allerliefste Meester JaHshua! Kyk, daar kom nou allerhande beproewinge en benoudhede oor My. Ek ag nie dié van die liggaam nie, maar dié van die siel. Meester, U ken dit alles en aan U is bekend al die kwellinge van My siel en iedere krankheid. O barmhartige JaHshua, U, die Helper van alle helpers, Leier van alle leiers, die sagmoedigste Leraar en allerbeste Herder, wat elke verlore skaap so lank soek, totdat hy vir die ewige lewe gevind word - O kom, kom, kom ook na My, arme swakke sondaar en waardelose kneg en rig my genadiglik weer op, My neergeslane siel, wat nog steeds 'n groot swakkeling vir U is!

02] O, laat Ek U, My geliefde JaHshua, oneindig meer kan liefhê as alles, alles in die wêreld!

03] Meester JaHshua, kyk, My hart word bedruk deur so baie ondankbare, onnadenkende woorde uit die mond van diegene teenoor wie U U altyd so liefdevol en bereidwillig uitgespreek het en waarna U gesoek het, toe hulle bo die afgronde gestaan het, en U hulle dadelik gelei het na die veilige weg van U Genade en Erbarming. O, bevry My hart van sulke druk en laat My eerder hiervandaan wegtrek na die uithoeke van die wêreld, as om te beleef dat U heilige woord deur iemand in die geringste gelaster word, óf deur die verstand, wat van U Wysheid nie hou nie en ook nie kan begryp nie, of deur ongeloof, wat alles bespot en belaster, wat bo die behoeftes van sy vlees uitstyg.

04] O My God en My Meester, My geliefde JaHshua, ontferm U oor My, vertroos My in My nood, sodat Ek weer kan herleef en vol van kragtige lewenswerke kan wees, volgens U allerheiligste Wil!

05] Maar vertroos en versterk ook almal wat U grote genade en barmhartigheid aangeneem het in hierdie duistere tyd, wanneer die son en die maan nie meer lig gee nie en al die sterre reeds lankal van die hemele geval het, waardeur die aarde soos nog 'n hel geword het, waarin eieliefde, trots, hoogmoed, leuens, bedrog en allerlei skandelike boosheid heers.

## Hoofstuk 84 - ANTWOORD UIT DIE HOOGTE (27.06.1841) HIM1.387

01] Wees rustig, en moenie jouself onttrek deur die feit dat mense nie so wys en kragtig kan word soos wat Ekself is nie, en ook nie ewig sal wees nie!

02] Want kyk, waar is hy wat ''n wysheidgeveg' met My wil begin, en daarby ook nog met die verstand van 'n mens? Voorwaar, Ek sê vir jou, hy sal baie verstandiger doen as hy 'n vishoek aan 'n vislyn vasmaak en dit alles aan 'n lang stok hoog in die lug ophou om sterre, net soos visse uit die lug te vang, as wat hy die verrotte net vanuit sy verstand uitspan om My ewige Wysheid daarin vas te vang en daarna uit te lê volgens sy goeddunke!

[03] Maar sou My Gawe altyd dubbeld wees, naamlik uit die Liefde en uit die Wysheid, is dit dan nie vir almal duidelik nie, om te sien dat nét dit wat uit die Liefde ontstaan, regtig vir die kinders Brood is vir die ewige lewe? - Die "wyn" van Wysheid word alleenlik gegee om die wêreldse verstand te bedwelm, sodat die mens daaruit kan aanskou dat al sy dwase kennis misluk by hierdie "hoeksteen", wat 'n suur "wynsteen" is, 'n ware steen des aanstoots!

04] As JaHshua in u hart met u praat en Sy Erbarming aan u verkondig, sal u dit verstaan, deurdat u tot die Lewe mag kom. Sou die Vader u trek, ook daar sal u Sy Stem herken. Maar as die Gees van God oor julle kom en aan jul wysheid leer, dan glo julle, en sou julle verstand nie die onbereikbare hoogte en diepte kan bepaal nie, dan glo julle dat die Gees van God in stryd is met Homself, of die werktuig waardeur die Gees gespreek het, is sleg en weergee die woord anders as wat dit verneem was.- Maar sien julle nie dat jul daardeur die Gees weerstaan nie?

## Hoofstuk 85 - SKEINHEILIGE MILDADIGHEID (11.07.1841) HIM1.392

*Aan E.H. en aan A.H.-W.!*

01] Sou jy die bloeddorstige en verraderlike raad navolg van 'n uiters dwase en swak, Babeldienende, hoererende suster en skoonsuster? – Kyk, hierdie een het baie goed begin om haar op My te wreek, deur julle veragtelike, buitengewoon blinde kliek-geestelike!

02] Maar Ek sê, dit sal vir hulle moeilik word om teen die prikkels te skop! - Wie My wil versoek, sou binnekort sy laaste tree gegee het!

03] Maar as u ander suster, wat getroud is, 'n goeie daad wil uitvoer wat My behaag, laat haar net arm, ellendige weeskinders opspoor en hulle as kinders aanneem. Daardeur sal sy vir haar 'n skat in die hemel berei, maar andersins sal sy uit die wêreld, en wat die beloning van die wêreld daarbuite is, ontvang.

04] Maar, sou enige kind wat Ek aan jou geskenk het, oorbodig wees, kan Ek hom enige tyd weer terugneem. En dan het jy nie nodig om op 'n wêreldsugtige en boonop verraderlike raad, 'n kind van u te laat gaan nie, onder u oë en ore uit na aanleiding van 'n voortydige verraaier van My neerdalende Genade nie.

05] Maar sê vir jou geveinsde, kliek-geestige, hoererende suster, dat jy veel eerder nog drie kinders moet aanneem, as om een voortydig van jou af te laat gaan. En sy moet eerder in die toekoms oor haarself bekommer, sodat sy ontslae kan raak van haar swart wurgees! Want dis wat sy nodig het! Sy het niks anders om oor bekommerd te wees nie.

06] Maar hierdie gees wat haar besit, is die gees van 'n

bestorwe kaste-priester van Babilon, (met ander woorde) 'n dissipel van die uiterlike dooies van die wêreld, maar nie van My dienende (innerlike) Kerk nie, in wie sy vroeër oral verlief op was - soos sy nou verlief is op iemand wat die mag het om die hel in die hemel verander en andersom, en My die duiwel maak van alle dood, maar dooie materie verander in die ewig, lewende God!

07] Of, in die armsalige en heeltemal stokblinde, verleidelike bedrieërs en ingelyfde huurlinge van die Roomse tiara! - Maar Ek sê vir jou, wees op jou hoede en pasop vir die hinderlaag van Satan! Want hy wil dit in die geheim uitvoer, om My werk te verydel!